# RUILWAARDE

**RUILNOMMERS:** Die aantal tydskrifte wat in Suid-Afrika met groot geesdrif opgerig en vir 'n korter of langer tydperk bestaan het, is nie erg gering nie. Selfs koerante wat in die reël 'n groter leserskring het, ly aan hierdie uitdrogingsiekte, en langs die pad van ons geskiedenis lê daar 'n nie onaansienlike aantal geraamtes. Onder die tydskrifte wat in die afgelope paar jaar die hongerproses deurgemaak het, is een van ons belangrikste Afrikaanse organe, nl. „Ons Eie Boek". Hierdie tydskrif is met groot geesdrif en opoffering opgerig en vir jare instand gehou. Die man wat hierdie stryd gestry het, is die wakkere professor François Malherbe van Stellenbosch. Nou kan hy en ons almal wat die „boek" liefhet, weer gerus asemhaal en met krag vorentoe gaan. Die Nasionale Pers, wat dinge nie laat doodloop nie—dink maar aan „Die Huisgenoot" en „Die Jongspan" het dit nou onder sy sorg geneem. Ek wil graag vir die soveelste keer die aandag van ons lesers op die tydskrif vestig. Elke ontwikkelde leser het „Ons Eie Boek" nodig en moet daarop inteken. Die prys is uiters billik: 15/- per jaar, en dit word uitgegee in Kaapstad. 'n Ander tydskrif wat die ondersteuning van alle belangstellende Afrikaners verdien, is „Tydskrif vir Letterkunde". Hierdie tydskrif staan onder redaksie van C. M. van den Heever en Abel J. Coetzee. Dit kos ook 15/- per jaar en is verkrygbaar by prof. Coetzee, posbus 1176, Johannesburg. Dit vervang die Jaarboek van die Skrywerskring van Johannesburg. In September 1952 het die derde nommer van die 2de Jaargang verskyn. As tydskrif is dit besig om ons Afrikaanse letterkunde—prosa en poësie, kritiek en uiteensetting—te laat groei tot 'n hoë peil. 'n Derde ewe belangrike orgaan, ietwat van 'n ander karakter, is „Standpunte" onder redaksie van N. P. van Wyk Louw en andere. Dit kos 24/- per jaar en is verkrygbaar by Die Redaksie, Richmondweg 1, Drieankerbaai, Kaapstad. Hierdie blad bevat naas kortverhale, gedigte, dramas veral die tetiese stelling van Standpunte, literêr maar ook filosofies! Dit dra 'n intertaal- en internasionale karakter: Afrikaans, Nederlands, Engels vorm die hoofmedia van gedagte-uiting. Dit is reeds in sy sesde Jaargang. Dit prikkel elke dinkende leser, al verskil jy ook hoe van die skrywers.

* * *

**BELANGRIKE BERIGTE:** Een van die belangrikste berigte uit ons Ruilnommers is ongetwefeld sekere onaangename verwikkelings aan ons Amerikaanse susterinrigting—Calvin Seminary. In „The Banner" van 25 Julie en in „Die Kerkbode" van 17 September word ons meegedeel dat daar aan die inrigting gedurende die jongste sitting van die Sinode van die Christian Reformed Church ingrypende dinge gebeur het. Van die 6 hooglerare daaraan verbind, is nie minder as 4 ontslaan nie. Twee van die ontslane hooglerare is na bereiking van die eerste ouderdomsgrens nie weer herbenoem nie, terwyl die ander twee nog voor die grens afgedank is. Volgens die mededelings in „The Banner" is die afdanking die gevolg van persoonlike oorwegings en nie van prinsipiële moeilikhede nie. Daarom het die Sinode die ontslane

hooglerare weer beroepbaar gestel in die Christelike gereformeerde gemeentes. Nietemin doen die hele gebeurtenis alle oortuigde Calviniste onweldadig aan.

'n Tweede saak wat ons aandag in Suid-Afrika werklik verdien en wat dan ook in ons ruilnommers, o.a. „Die Kerkblad", 22 Aug., en daarna in „Die Kerkbode", 3 Sept., die aandag geniet, is die toenemende euwel van verwêreldlikte Sondae. Ons hoor al van moeder-, kinder-, sending-, armsorg-sondae, en so pas het die ergste gebeur. daar moes ook 'n Grondbewaring-sondag kom. As ons die Dag van die Here so begin gebruik, dan sal daar op die duur nie meer 'n dag vir die Here self oorbly nie. Ek stem volkome saam met die redaksie van „Die Kerkbode" waar dit sê: „Die meeste goeie sake vir die bevordering waarvan ons spesiale Sondae gevra word, kan seker langs die weg van die gewone eredienste en prediking van die Woord gedien word". Dit is 'n ou euwel met alle respekte vir ons gelowige voorvaders. Die sprekendste voorbeeld daarvan is die sgn. instelling van Dingaansdag as 'n Sabbatdag. Dingaansdag is geen Sabbatdag nie—mense kan nie 'n ekstra rusdag vir die Here instel nie! Elke dag van ons lewe is 'n dag vir die Here, maar die Here self het die sewende dag afgesonder.

'n Derde saak van meer as plaaslike belang is die besoek van prof. dr. J. H. Bavinck, hoogleraar in die Sendingswetenskap aan die Vrije Universiteit. Prof. Bavinck beoefen nie net die wetenskap van die sending nie, hy was ook jare en jare aaneen sendeling in die Verre Ooste. Die diepte van sy liefde vir diegene wat nog nie tot die kudde van die Here behoort nie, is so geweldig dat almal wat hom hoor spreek het, oortuig geraak het van ons heilige roeping. Sy besoek het ons harte weer warm gemaak. Ons Afrikaners het 'n groot roeping ten opsigte van die kerstening van die swart heidendom in Afrika. Die rassevraagstuk is egter meer as 'n religieuse vraagstuk alleen. Met die kerstening van die swartman kom daar ook allerlei sosiale, ekonomiese, opvoedkundige, politieke en ander moeilikhede na vore. Een mooi studie hieroor vind ons in „Die Brandwag", 8 Sept. deur J. Sproul: „As die swartman baas in Afrika word". Daarby moet weer gewys word op die referate gehou op die jongste vergadering van die S.-Afr. Akademie vir Wetenskap en Kuns, waaroor C. H. Rautenbach in „Die Huisgenoot" (15 Aug.) 'n mooi samevatting gee: „'n Uitdaging aan die Witman". 'n Laaste gebeurtenis wat die aandag verdien, is die skoolkwessie: in Kaapland begin die stryd om moedertaalonderwys nou eers, want die oorplasing van st. 6 na die middelbare skool voer moedertaalmedium daar in.

J. CHR. COETZEE.